

**Die gebruik van
ontwikkelingskommunikasietegnieke om
benadeelde voorskoolse leerders in 'n
XiTsonga-gemeenskap te bemagtig**

deur

A. Boersma

'n Verhandeling voorgelê vir die graad

MA in Ontwikkelingskommunikasie

**in die Departement Inligtingkunde
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria**

Mei 2002

Studieleier: Prof. M.E. Snyman

Opsomming

Die studie handel oor die rol wat ontwikkelingskommunikasie kan speel in die ontwikkeling van die agtergeblewe voorskoolse kind in 'n XiTsongagemeenskap. Die behoefte aan gestruktureerde programme vir die voorskoolse kinders is deur die inwoners van die gemeenskap geïdentifiseer. 'n Ontwikkelaar is op die Letaba Landgoed aangestel om in die bogenoemde behoefte te voorsien.

Die XiTsongasprekende gemeenskap kan beskryf word as 'n agtergeblewe gemeenskap omdat ongeveer 90% van die volwassenes oor geen of gebrekkige skoolopleiding beskik. Ten einde die kinders in die gemeenskap die geleentheid te bied om optimaal te ontwikkel, is ontwikkelingsprogramme gerig op persoonlikheids-, sosiale-, fisiese- en kognitiewe ontwikkeling by die versorgingsoorde op die landgoed ingestel. Hierdie programme word aangepas om by die kultuur en ontwikkelingsfases van die kinders in te skakel.

Die doel van die studie is om vas te stel in hoe 'n mate die aanwending van toepaslike kommunikasietegnieke die agtergeblewe voorskoolse kind kan bemagtig om suksesvol op skool te vorder. Die studie neem die vorm van 'n gevallestudie aan wat die navorser in staat stel om inligting op 'n sistematiese wyse in te samel.

Die studie is vanuit 'n kwantitatiewe - sowel as 'n kwalitatiewe oogpunt benader wat ondersoektegnieke insluit soos onderhoudvoering, waarneming, gestandaardiseerde toetse en skoordokumentasie. Ten einde beheer oor die navorsingsituasie uit te oefen, het die navorser 'n ewekansige seleksieproses gevolg en 'n eksperimentele groep sowel as 'n kontrole groep saamgestel. Beide groepe is homogeen ten opsigte van eienskappe soos die getal respondente in elke groep, geslag, ouderdom, etnisiteit, geografiese omstandighede en taalgebruik. Die twee groepe word onderskei deur die feit dat slegs respondente in die eksperimentele groep 'n versorgingsoord bygewoon het gedurende hulle voorskoolse jare.

Evaluasie het deurlopend plaasgevind. 'n Opvoedkundige sielkundige is betrek om die gestandaardiseerde toetse af te neem en te ontleed. Vorderingsverslae van die respondente in die navorsingsgroep is deur die plaaslike Letaba Primêre-skool aan die navorser voorsien vir bestudering. Dit het die navorser in staat gestel om relatief objektiewe waarnemings te maak.

Na afloop van die huidige navorsing kon die navorser sekere bevindings maak en leemtes kon geïdentifiseer en bespreek word. Dit het die navorser in staat gestel om tot gevolgtrekkings te kom en aanbevelings te maak.

Daar is gevind dat die kinders wat blootgestel was aan kommunikasietegnieke binne die versorgingsoorde, oor beter leervermoëns beskik as kinders wat geen stimulasie ontvang het nie.

Sleutelwoorde: Deelname, crèche, ontwikkelingsterreine, kommunikasiemediums, ontwikkelingskommunikasie, benadeelde, gemeenskapsprojek, tradisioneel, platteland, skoolvoorbereiding.

Summary

This study concerns the role development communication has played in the general developmental progress of the preschool child in a disadvantaged rural XiTsonga community. The need for a structured programme for preschool children was identified by members of the community. A developer was appointed on Letaba Estates to establish a community project concerning the development of the preschool children.

The XiTsonga community could be described as a disadvantaged community where approximately 90% of the adults had no or very little education. A project was initiated by the developer to stimulate the children in their social -, physical -, cognitive - and personality development. These developmental programmes had to meet the cultural background of the community.

The purpose of the study was to determine how communication techniques contributed to the disadvantaged children to empower them during their formal school years.

The study is handled as a case study through which the researcher could systematically collect the data. The study followed a combined qualitative - and quantitative approach which included methods such as interviews, school documents, standardized tests and observation.

To enable the researcher to control the study, a control group as well as an experimental group were selected, both equal in age, gender, language, geographical location and ethnic background. The research groups were differentiated by the fact that the respondents of the experimental group attended a preschool.

Evaluation played a major role throughout the whole study. An educational psychologist was involved in the analysis of the standardized tests and the principal of the local primary school provided the researcher with the

necessary school documents. It enabled the researcher to develop an objective insight in the learning abilities of the respondents.

The final chapter of the report consists of the general findings, problem areas, conclusions and recommendations. The most valuable finding is the following: children who were exposed to communication techniques during their preschool years, are better equipped with learning abilities than children who received no stimulation.

Key words: Participation, crèche, development phases, development communication, community project, traditional, rural, disadvantaged, communication mediums, school preparedness.

Bedankings

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank vir hulle hulp en ondersteuning:

Prof. M.E. Snyman vir haar toewyding en leiding gedurende die studie.

Dr. J.G. Kilian vir die afneem en verwerking van die psigometriese toetse.

Al die deelnemers aan die studie en in die besonder die personeel en kinders van die Nkondzonyana versorgingsoorde asook die Letaba Primêre-skool.

Mev. Cecilia Moré wat as tolk opgetree het.

Die personeel van die Tzaneen Streekbiblioteek vir hulle bystand om my van studiemateriaal te voorsien.

Mevv. Yvonne du Toit en Elize Dry vir die proeflees van die skripsie.

Mev. Elnett Jones vir haar hulp met die tikwerk en tegniese versorging van die skripsie.

Die Universiteit van Pretoria en die National Research Foundation vir finansiële steun.

Adlab vir die tegniese versorging en die druk van die skripsie.

My gesin vir hulle ondersteuning.

Alle eer en lof aan my Hemelse Vader.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

Inleiding

1.1	Algemeen	1
1.2	Navorsingsprobleem	2
1.3	Waarde van die navorsing	3
1.4	Navorsingsontwerp en metodologie	4
1.5	Die struktuur van die studie	5
1.6	Verduideliking van terme wat in die studie gebruik is	8
1.7	Afkortings wat in die studie gebruik is	10

HOOFSTUK 2

Ontwikkelingskommunikasie: die mensgesentreerde benadering en die voorskoolse kind

2.1	Ontwikkeling	12
2.1.1	Mensgesentreerde ontwikkeling	13
2.1.2	'n Beknopte oorsig van ontwikkelingsteorieë	14
2.1.2.1	Die modernistiese benadering tot ontwikkeling	14
2.1.2.2	Afhanklikheidsteorie	16
2.1.2.3	Deelnemende benadering	17
2.2	Die rede waarom die huidige studie die mensgesentreerde benadering gevolg het	18
2.3	Ontwikkelingskommunikasie	20
2.4	Ontwikkelingskommunikasie en voorskoolse kinders	22
2.5	Deelnemende kommunikasie en die voorskoolse kind	24
2.6	Die rol van die fasiliteerder in ontwikkelingskommunikasie	34
2.7	Bestaande navorsing oor die agtergeblewe voorskoolse kind in S.A. (met spesifieke verwysing na die kind wat in versorgingsoord versorg word.	36

2.7.1	Inleiding	37
2.7.2	Ontwikkelingsprogramme en die voorskoolse kind	38
2.7.3	Bestaande studies oor ontwikkelingskommunikasie en die voorskoolse kind	40
2.7.4	Die voordele van voorskoolse onderrig	41
2.8	Opsomming	42

HOOFSTUK 3

Toepaslike kommunikasiemedie vir die histories agtergeblewe voorskoolse kind

3.1	Die ontwikkeling van die kind	44
3.1.1	Liggaamlike ontwikkeling	46
3.1.2	Kognitiewe ontwikkeling	47
3.1.3	Sosiale ontwikkeling	48
3.1.4	Persoonlikheidsontwikkeling	50
3.1.5	Opsomming	50
3.2	Ontwikkelingskommunikasie en die agtergeblewe voorskoolse kind	51
3.2.1	Die belangrike rol wat kultuur speel	51
3.3	Kommunikasiemedie wat aansluiting vind by die voorskoolse kind	53
3.3.1	Tradisionele “folk media”	53
3.3.2	Elektroniese media	55
3.3.2.1	Die radio	56
3.3.2.2	Televisie en video-opnames	57
3.3.2.3	Rekenaar	58
3.3.2.4	Opsomming	59
3.4	Die aanwending van verskillende kommunikasiemedie by die agtergeblewe XiTsongakleuters op die Letaba Landgoed	59

3.4.1	Die “folk media”of tradisionele kommunikasiemedium	60
3.4.2	Die gebruik van die elektroniese media by die agtergeblewe voorskoolse kinders op Letaba Landgoed	62
3.5	Samevatting	65

HOOFSTUK 4

Navorsingsverloop

4.1	Inleiding	67
4.2	Agtergrondsgeskiedenis van die omgewing waarin die navorsing uitgevoer is	67
4.2.1	Geografiese aspekte van Letaba Landgoed	67
4.2.2	Infrastruktuur en algemene inligting	68
4.2.2.1	Paaie	68
4.2.2.2	Water	68
4.2.2.3	Vullisverwydering en sanitasie	69
4.2.2.4	Skole en voorskoolse fasiliteite	69
4.2.2.5	Gesondheidsdienste	70
4.2.2.6	Behuising	71
4.2.2.7	Beskikbaarheid van handelaars	72
4.2.2.8	Sekuriteit	72
4.2.2.9	Godsdiens	73
4.2.2.10	Sport en ontspanning	74
4.2.2.11	Gemeenskapsaksies	75
4.2.2.12	Demografiese aspekte ten opsigte van die inwoners van Letaba Landgoed	75
4.2.2.13	Peil van opvoeding van die gemeenskap	76
4.2.2.14	Faktore wat aanleiding gegee het tot die navorsing	76
4.3	Gevallestudie as navorsingsontwerp	77
4.3.1	Evaluasie as deel van die gevallestudie	79

4.3.2	Data-insamelingsmetode wat gebruik is tydens die navorsing	81
4.3.2.1	Die kwantitatiewe tegniek	81
4.3.2.2	Die kwalitatiewe tegniek	81
4.3.2.3	Observasie (waarneming)	82
4.3.2.4	Opsomming	83
4.4	Die navorsingsverloop	83
4.4.1	Die proses van seleksie	84
4.4.2	Beskrywing van die data	86
4.4.2.1	Agtergrond van die Junior Suid-Afrikaans Individuele Skale (JSAIS)	86
4.4.2.2	Rede waarom die JSAIS-skale gebruik is in die navorsing	90
4.4.2.3	'n Bespreking van die JSAIS-skale (wat elke afsonderlike toets behels)	91
4.4.2.4	Onderhoude	104
4.4.2.5	Waarneming	107
4.4.2.6	Dokumentasie	107
4.5	Opsomming	108

HOOFSTUK 5

Bevindinge van die navorsing

5.1	Inleiding	109
5.2	Analise van die data wat tydens die navorsing versamel is	110
5.3	Bevindinge van die navorsing	112
5.3.1	Die Junior Suid-Afrikaanse Individuele Skale	112
5.3.1.1	Die resultate van die JSAIS-skale	114
5.3.1.2	Algemene bevindinge ten opsigte van die JSAIS-skale	115
5.3.2	Onderhoude met die ouers	115
5.3.2.1	Ontleding van die onderhoude met die ouers	117
5.3.2.2	Bevindinge na aanleiding van die onderhoude met die ouers	118
5.3.3	Onderhoude met die onderwysers	119



5.3.3.1	Bevinding	119
5.3.4	Observasie (waarneming)	119
5.3.4.1	Bevinding	121
5.4	Samevatting	121

HOOFTUK 6

Gevolgtrekking en aanbevelings

6.1	Evaluasie van die navorsing	122
6.2	Beantwoord die studie aan die aanvanklike probleemstelling?	124
6.3	Gevolgtrekking	127
6.4	Aanbevelings	128
	Bronnelys	130
	Aanhangsel A	
	Aanhangsel B	
	Aanhangsel C	